

BEDRYF

Belanghebbendes 'nouer saamgesnoer' op sessie

Die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het die strategiese werksessie vir die rooivleisbedryf wat onlangs in Pretoria gehou is, verwelkom. Mnr. Gerhard Schutte, hoofbestuurder, was veral beïndruk met die ondersteuning wat van regeringstrukture ontvang is.

Op die nasionale RPO se afgelope kongres is daar besluit dat die volgende funksies ingevolge die statutêre heffing verrig moet word (dit stem ooreen met die riglyne wat op die werksessie aanvaar is):

- Die vestiging van verhoudings met regeringsdepartemente wat 'n invloed op die rooivleiswaardeketting het.
 - Ondersteuning van nasionale strukture wat geskep is om die rooivleisbedryf te ondersteun, soos die Landbou-aksieplan en die Nasionale Ontwikkelingsplan.
 - Ondersteuning van en samewerking met nasionale forums, soos die Dieregesondheidsforum, die Veediefstalvoorkomingsforum, die Landbouhandelsforum en die Roofdierbestuursforum.
 - Toegewyde en volhoubare pogings moet aangewend word vir optimale winsgewendheid in die waardeketting, gebaseer op vryemarkbeginsels en minimum inmenging.
 - Die versameling en verspreiding van inligting oor die bedryf.
 - Die forum moet a-polities wees.
 - Die forum moet kostedoeltreffend wees.
- Wat die pad vorentoe betref, is op die sessie ooreengekom dat die planne net suksesvol kan wees as ingrype met behulp van 'n statutêre heffing in die bedryf gedoen word.

Die RPO se standpunt in dié opsig is dat die Rooivleisbedryfsforum (RMIF) só 'n aansoek moet rig. Aspekte van die nuwe strategie moet ingesluit wees by die nuwe statutêre heffing wat in November volgende jaar in werking gestel word.

Daar is voorgestel dat die RMIF die volgende funksies sal hê:

- Die bevordering, beskerming en toepassing van die regte en belange van sy lede en ondersteuning of teenkanting teen enige wetgewing wat deur die nasionale, provinsiale en plaaslike regerings of internasionale organisasies ten koste van die RMIF se lede ingestel kan word.

- Die bevordering van produksie-ontwikkeling, verwerking en verbruikersopvoeding wat betref die vraag na rooivleis, afval, rooivleisprodukte en die rooivleisbedryf as 'n geheel.
- Die aanstelling van trustees vir die Vleisbedryfstrust en die Rooivleisnavorsings-en-ontwikkelingstrust (RMRDT).
- Die aanstelling van direkteure om in enige maatskappye te dien wat gevorm mag word om dienste aan die rooivleisbedryf te verskaf.
- Die benoeming van bedryfsverteennouders aan die beplanningskomitees van die RMRDT.
- Die goedkeuring en ondersteuning van die finansiering van diensverskaffers, soos uiteengesit in die sakeplan wat aan die Minister van Landbou, Bosbou en Visserie voorgelê en goedgekeur is, oor die inwerkingstelling van 'n staatsheffing, soos voorsien in die gewysigde Wet op die Bemarking van Landbouprodukte (Wet 47 van 1996).
- Die ondersteuning en toepassing van uitvoerplanne in die rooivleisbedryf.
- Die ondersteuning en beïnvloeding van transformasieplanne van die opkomende sektor in belang van die hele waardeketting.
- Die versameling en verspreiding van inligting oor die bedryf.
- 'n Staatsheffing gegrond op die beginsels van die huidige struktuur word ondersteun waar daar 'n duidelike onderskeid getref word tussen algemene bedryfsake en produsentesake. Algemene bedryfsake is skakeling, transformasie, verbruikersvertroue (insluitend vleisinspeksies), uitvoerbevordering, dieregesondheid en navorsing (slegs indien dit absoluut noodsaaklik is en wanneer alle ander moontlikhede ontgin is). Produsentesake is skakeling, transformasie, produksie-ontwikkeling, verbruikersopvoeding en dieregesondheid.

Die nuwe aansoek vir die statutêre heffing sal deur die RMIF bespreek word en die volgende funksies behoort deel daarvan te wees:

- Algemene funksies sal skakeling namens die hele bedryf wees, transformasie, asook navorsing en ontwikkeling.
- Vleisveiligheid en regulatoriese beheer.
- Handelspromosies (invoer en uitvoer).
- Eie sake sluit in verbruikersbewustheid, produksie-ontwikkeling en sektor-spesifieke voorrangsaake en skakeling.

Hierdie aspekte sal saam met die kwessies wat by die werksessie geopper is, bespreek word vir die afhandeling van 'n moontlike heffingsaansoek. Dit sal in November aanstaande jaar in werking gestel word om kostedoeltreffende intervensies vir 'n toekomstige strategie vir die rooivleisbedryf moontlik te maak.

Die kwessies wat op die werksessie geopper is, sluit in:

- Die rooivleisbedryf is gevra om finansiële by te dra tot die uitwissing van dieresiektes.
- Die Regering en die private sektor moet saam verantwoordelikheid aanvaar vir die belangrike kwessie van inentings teen brucellose, wat volgens wet verpligtend is.
- Die bedryf moet naspeurbaarheid finansier, maar die Regering moet 'n bemagtigde omgewing skep.
- Die statutêre heffing moet styg sodat die nodige planne gefinansier kan word.
- Boere behoort toegelaat te word om te bemark soos hulle verkies.
- 'n Vrywillige graderingstelsel behoort in die verbruiker se behoeftes te voorsien.
- 'n Stelsel moet daargestel word om die gehalte van die produk dwarsdeur die waardeketting te beheer.
- Die voedingswaarde van die produk moet waarde toevoeg.
- Die verskillende dele van die karkas moet vir verskillende markte ontwikkel word en navorsing moet in dié verband gedoen word.
- Daar is 'n behoefte aan 'n klemverskuiving na praktieser korttermynnavorsing en ontwikkeling om finansiering te verseker.
- Die bedryf moet as 'n groep saamwerk.
- Dieregesondheid is 'n groot probleem.
- Klassifikasie is herkenbaar en die bedryf moet na brandmerke kyk wat dit bevorder.
- Die bedryf moet van die grondvlak af bestuur word en nie op die Regering wag nie.
- Ten volle, doelgerigte koördinering is belangrik.
- Daar moet 'n vertrouensverhouding met kleinboere wees.
- Die bedryf behoort betrokke te wees by handelsooreenkomste met ander lande.



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102. E-POS: rpo@lantinc.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.